

# HORTGRO NEWS

VOLUME 17 | ISSUE 36 | 30 APRIL 2019

---

## CONTENTS

---

- Koos Lötter vereer
- Witte Wijnappel back in the Cape
- PAG creates a plastics task force
- Water requirements of top-producing orchards
- BD all you need to know
- Jongboer van die Jaar finaliste
- Young UK chef visits industry
- DFDC Transformation Times
- Agri's Got Talent last month to enter
- Hortgro Technical Symposium 2019
- Events, Publications, YouTube
- Uit die Uitvoerende Direkteur se pen



## KOOS LÖTTER VEREER

Die legendariese landboukundige en skrywer Koos Lötter (92) is onlangs deur die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf vir sy bydrae tot dié bedryf en spesifiek ook vir die ontwikkeling van die alternatiewe gewasse, vereer. Lees meer [hier](#).

Op die foto bo is Anton Rabe, Koos Lötter en dr. Ilse Trautmann.



## WITTE WIJNAPPEL BACK IN THE CAPE

The return of the first apple tree planted in the iconic Company's Garden in the late 1650s is a remarkable story, made possible through a partnership between Tru-Cape, Hortgro and the Cape Heritage Fund. Read this epic story [here](#).

Pictured here from left: Nicola Jowell, Matthew Kempthorne, Zahid Badroodien, Buks Nel, Brandon Golding, Henk Griessel, Frederik Voigt and Nicholas Dicey.





## PLASTICS TASK FORCE

The Packhouse Action Group (PAG) has created a cross-industry workgroup, to investigate plastic implications with the view of developing an Industry strategy towards reduced plastic use. Read more [here](#).

---



## WATER REQUIREMENTS OF TOP-PRODUCING ORCHARDS

With exports raking in billions of rand annually, South Africa's apple growers form an important part of the country's economic development. Researchers investigated the water requirements of top-producing orchards. Read more [here](#).

---

## BACTROCERA DORSALIS - ALL YOU NEED TO KNOW

Post-harvest and winter monitoring and control (bait) of fruit fly is critical



to ensure that fruit fly populations are managed down to the lowest levels.

Download Fresh Notes 159: Monitoring and Control of Fruit Fly [here](#).

Download monitoring guidelines and action plan [here](#):



## JONGBOER VAN DIE JAAR FINALISTE

Die fokus, energie en ingesteldheid van vanjaar se deelnemers aan die Agri Wes-Kaap Santam Landbou Jongboer van die Jaar 2019 kompetisie, wys net weer dat die toekoms van die Wes-Kaap se landbousektor in die beste hande moontlik is. HORTGRO hou duimvas vir

die vrugtemanne. Lees meer [hier](#).

Ian Cunningham van Fine Farms, Elgin, is een van die finaliste.



## SA YOUNG CHEF WINNER

Chase Wagenhausen last year's SA Young Chef winner recently visited Lourensford orchards as part of her prize. She also got to spend time with award-winning restaurants – Reuben's and La Petite Colombe in Franschhoek. Beautiful Country, Beautiful Fruit.



## DFDC TRANSFORMATION TIMES

Hortgro is proud to launch the new DFDC newsletter, Transformation Times. Read all about the recent AGM. New board members and the DFDC's activities in Mpumalanga. Read more [here](#).

And watch a video about the DFDC [here](#).

Pictured here is a Mpumalanga official, Thembi Xaba, DFDC CEO, and Mpumalanga MEC for Agriculture, Mr Vusi Shongwe.



## AGRI'S GOT TALENT 2019 IS NOU OOP VIR INSKRYWINGS

Die Sitrusprodusente Vereniging in nou ook deel van die Agri's Got Talent-span. Wat beteken alle landbouwerkers in die sitrus- sagtevrugte- en wynbedrywe, kan inskryf vir

hierdie kompetisie. Plase, pakhuse en kelders wat die Top Tien haal, kry fantastiese blootstelling. Spoor asseblief talentvolle individue aan om in te skryf vir hierdie kompetisie wat die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap noot vir noot verander. Vind meer inligting [hier](#).



**Hortgro Symposium**  
**3 - 7 June 2019**  
NH The Lord Charles Hotel,  
Somerset West

**CLICK HERE TO REGISTER!**

→ **UPCOMING EVENTS**

**3-7 June 2019:** Hortgro Science Technical Symposium. Contact: [louiset@hortgro.co.za](mailto:louiset@hortgro.co.za)

**2 August 2019:** Agri's Got Talent

**13-15 en 27-29 August:** Prophyta Short Course. Contact: [anine@prophyta.co.za](mailto:anine@prophyta.co.za)

**13 September 2019:** Fruit Industry Gala Evening

→ **HORTGRO PUBLICATIONS**

[Key Deciduous Fruit Statistics](#)

Hortgro Stone: [Timely Hints/Tydige Wenke May 2019](#)

[Hortgro Annual Review 2018](#)

[Hortgro Science Annual Report 2018](#)

→ **HORTGRO YOUTUBE KANAAL**

Vind 'n magdom van bedryfsinligting in ons videobiblioteek [hier](#).

---

## UIT DIE UITVOERENDE DIREKTEUR SE PEN

---

### **OOM KOOS EN 17 APRIL 1662**

As 'n landbousektor, en spesifiek as sagtevrugtebedryf, omgord ons onself nie juis met lofsange rakende ons prestasies nie. Boonop bemark ons onself swak - "pleinweg" baie swak.

Ewenseens is ons geneig om nie voldoende erkenning te gee aan individue en groepe se prestasies nie. Sommiges oor 'n leeftyd van onbaatsugtige en onskatbare diens aan die bedryf in die breë. Dit moet verander.

Verlede jaar kon Hortgro erkenning gee aan sewe personeellede wat 20 jaar en meer diens aan die bedryf gelewer het. Meer as 140 jaar se institusionele geheue wat geen geld kan koop nie. Pas het Hortgro in noue samewerking met die Departement van Landbou Wes-Kaap ook erkenning gegee aan "Oom Koos" (soos meeste van ons hom ken) Lötter (volledige berig elders in hierdie nuusbrieff) vir sy bydrae en opskryf van die geskiedenis en ontwikkeling van 'n reeks van alternatiewe gewasse. Hierdie geskifte is gepubliseer met die finansiële steun van die Department en so opgeteken en bewaar vir die nageslagte. Oom Koos, is voorwaar 'n legende in sy eie leeftyd en het generasies van hortologie studente help oplei wat tans op verskillende plekke in die bedryf 'n daadwerklike verskil op verskeie terreine lewer. Dankie ook aan die Department wat hierdie help moontlik maak het.



Hierdie erkenning kom basies op dag en datum van die herdenking van die eerste appel wat op 17 April 1662 in die Kompanjies Tuine in die Kaap gepluk is. Hierdie geleentheid is met die aanplant van 'n afstammeling van die oorspronklike Witte Wijnappel wat deur Buks Nel en Henk Griesel in Amsterdam opgespoor is, herdenk. Die plantmateriaal is in samewerking tussen Hortgro en TruCape deur kwarantyn gebring met boompies wat by SAPO gemaak is vir die doel. Daar word ook elders in die nuusbrieff in meer detail hieroor berig.

Dit bring my egter terug by die kwessie van erkenning vir uitsonderlike prestasies en diens aan ons bedryf. Hortgro beplan derhalwe om voortaan jaarliks rondom 17 April een of ander geleentheid te skep om individue en/of groepe te vereer en te bedank vir hulle bydrae en diens aan die bedryf. As 'n moderne en internasionaal-kompeterende sagtevrugtebedryf, het ons baie om oor trots wees en bied ons soveel in terme van ekonomiese transformasie, werksgeleenthede, bydrae tot die landelike ekonomie, infrastruktuur en dienste, asook sosiaal-maatskaplike ontwikkeling in die landelike areas.

Voorts sal beide Hortgro se primêre twee bedryfstrukture, kern- en steenvrugte, in 2020 hulle 50ste en 30ste bestaansjare onderskeidelik vier. Die stigtingsorganisasie en strukture sedertdien wat vandag as Hortgro Pome en Hortgro Stone bekend staan, is onderskeidelik in 1970 en 1990 gestig. 'n Ryke geskiedenis en tradisie wat opsigself erkenning verdien as pilare van bedryfsleiers se visie 2-3 geslagte gelede.

Dit, tesame met 17 April 1662, sal dus voortaan vir ons "Oom Koos"-geleenthede bied wat ons onderneem om sinvol te benut om erkenning te gee waar dit hoort.

Tot volgende keer.

Anton

*"We value virtue but do not discuss it. The honest bookkeeper, the faithful wife, the earnest scholar get little of our attention compared to the embezzler, the tramp, the cheat."* John Steinbeck

*"Sometimes people don't notice the things we do for them until we stop doing them."* Anon



### EDITORIAL TEAM

Elise-Marie Steenkamp - [elise-marie@hortgro.co.za](mailto:elise-marie@hortgro.co.za)

Carmé Naudé - [carme@hortgro.co.za](mailto:carme@hortgro.co.za)

Thea van Zyl - [thea@hortgro.co.za](mailto:thea@hortgro.co.za)

### CONTACT US

021 870 2900

[www.hortgro.co.za](http://www.hortgro.co.za)

### Share this email:



**Manage** your preferences | **Opt out** using **TrueRemove®**

Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.

View this email **online**.

258 Main St, Buitenverwagting  
Paarl, Western Cape | 7646 ZA

This email was sent to [elise-marie@hortgro.co.za](mailto:elise-marie@hortgro.co.za).

*To continue receiving our emails, add us to your address book.*